

Die kerk het mure nodig

Terwyl Nehemia in ballingskap was het Jode uit Jerusalem by hom aangekom en vir hom gesê: Die ballinge wat teruggegaan het beleef daar in die die provinsie Juda groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand. Toe Nehemia die boodskap hoor, het hy gaan sit en huil en dae lank getreur. Hy het gevas en gebid tot die God van die hemel.

Die feit dat Jerusalem se mure om gelê het, het hom diep geraak. Dit het vir hom om die eer van God gegaan. Al was die tempel nou al weer herbou, het Nehemia geweet: So lank as wat Jerusalem se mure om lê, so lank sal die volk van God in Jerusalem in ellende leef, sal hulle uitgelewer wees aan die spot en smaad en vervolging van God se vyande in die omgewing. Die Godstad het mure rondom nodig om al die vreemde invloede, al die spotters, al die vyande van God, buite te hou, sodat God se volk Hom in rustigheid kon dien.

Nehemia het geweet die grens tussen geloof en ongeloof kan nooit verdwyn nie. Die muur tussen geloof en ongeloof mag nooit met 'n brug vervang word nie. Dan sal God se eer aangetas word. Die kerk mag nooit met die wêreld vermeng nie. Die kerk is in die wêreld, maar die kerk mag nooit van die wêreld wees nie.

Sing: Psalm 2:1, 2

Ds. H.P.M, van Rhyn (Wilropark)